**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH
VIR
- Deftige Mansklerasie
- Rakette
- Northampton Mansskoene

# DIE Matie

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL III, No. 9. VRYDAG, 7 MEI 1943. PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Parte is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH 21 MAR 1949 UNIVERSITY OF STELLENBOSCH UNIVERSITY LIBRARY

# UITERWYKKAMP REUSE SUKSES

## Die Landsdienskampe Voortgesit

### Besonder Aangename Kampgees

**Die O.B.-Landsdienskamp wat elke vakansie gehou word, is in die afgelope vakansie gehou op Uiterwyk, die plaas van mnr. J. C. de Waal. Die kamp was gekenmerk deur die uitstekende O.B.-dissipline wat alreeds deel geword het van die kampe, en het bygedra tot die skepping van 'n aangename kampgees en werkywer. Die kamp was gekenmerk met die spanning sowel as die gesellige aande om die kampvuur het almal so geïnspireer dat volgens wat elkeen te kenne gegee het nie een ooit weer in die toekoms so'n kamp sal wil mis nie.**

Die kamp was geleë in 'n dennebos 'n hele endjie van die plaas, wat 'n atmosfeer van vryheid en afsondering geskep het. Rondom 'n opening in die bos, wat die kampterrein uitgemaak het, is die tente geplaas. Die kamp, opgedeel in hoofkwartier met die O.B.-vlag voor die tent, dameskamp, manskamp, kombuis, ens. het 'n besondere netjiese indruk gemaak op almal wat die kamp besoek het.

**Die Werk.**

Soggens om 6.30 het die opstaanfluitjie die kamp tot lewe geroep tot groot blydskap van slegs die laaste wag wat dan sy piksteel kon neerlê. Onmiddellik na die vlaghysing en godsdiensoefening om 7-uur is die dagtaak aanvaar.

Die werk het vernaamlik bestaan uit die opkap en wegsleep van droë bome en takke uit die bos, wat die gevaar van brand vir die bos ingehou het. By hierdie taak was 'n paar perde en muile behulpsaam. Die vernaamste taak van die dames, waarin hulle weldeeglik geslaag het, was om te voorsien vir die besondere aptyte wat by 'n ieder as gevolg van die harde werk ontstaan het. Die treksae het ook die dames wat nie die kookbeurt waargeneem het nie laat deel hê aan die arbeid.

Smiddags om 4-uur is die werk vir die dag gestaak en kon die arbeiders, na die nuttiging van 'n beker koffie, hulle verlustig in allerlei kampspeletjies waarvan jukskei die voorrang geniet het. Dit was ook dan dat die warm stortbad wat mnr. de Waal goedgunstiglik tot die beskikking van die kamp gestel het, die meeste aftrek gekry het.

**Ontspanning.**

Na die vlagstryking en aandete om 6 n.m. het die kampvuur 'n aanvang geneem. Allerlei Afrikaanse liedjies is gesing en geoefen vir die serenade wat die laaste aand van die kamp vir die plaaseienaar op sy werf gehou is. Verder is verskeie speletjies gespeel waaronder Koffiepot 'n ereplek beklee het. Die kampvure is ook opgeluister met aantreklike en vermaaklike oorspronklike programme.

Mnr. en mev. de Waal het die kampvuur 'n paar keer bygewoon en het by een van hierdie geleenthede 'n skenking gedoen aan die plaaslike studente O.B.-kommando.

Die dag is afgesluit met 'n godsdiensoefening waarna slaapliedjies om die gloeiende kole van die kampvuurtjie gesing is. Kort na 10.15 wanneer die ligte uit moes wees, was die enigste teken van lewe die wag op sy stille rondte om die kamp.

Die kampvader het op Goeie Vrydag en Sondag wat op 'n stille wyse deurgebring is, dienste gehou. Die kampouers was vir almal 'n voorbeeld in die handhawing van dissipline.

Die kamp het onder die leiding gestaan van Komdt. P. A. Theron, bygestaan deur Veldkte. Anna Lombard, Jan Thiart en Korp. Piet Mans.

Genl. dr. Pretorius, prof. van Eeden, dr. en mev. W. A. Joubert, mnr. en mev. Toerien, Hoofkomdt. Laubscher, e.a. het besoeke gebring aan die kamp.

## So Kamp Ons Weer!

### KAMPINDRUKKE

**In 'n onderhoud met twee van die kamplede is hulle gevra om van hulle indrukke van die kamp mee te deel. Die eerste een het verklaar:**

„Dit was seker een van die aangenaamste en gesondste vakansies wat ek tot nogtoe gehad het, nie omdat ons niks gedoen het nie, maar juis omdat ons hard gewerk het; en, na die eerste blare op die hande oopgegaan het, het ons die byle met nog meer krag geswaai. Die werk tesame met die frisse buitelug het veel daartoe bygedra dat die kokke altyd te min van die lekker kos gaargemaak het om ons grote eetlus te versadig.

KAMPVURE

Die ordelikheid en dissipline wat ons werkure en ontspanning beheer het, was juis die faktor wat gemaak het dat ons die aande om die kampvuur so ten volle kon geniet. Die kampvuur programme van hierdie kamp kan seker beskou word as van die beste en mees oorspronklike. Behalwe die sang en speletjies het veral die twee Operas wat opgevoer was, sowel as die draadloos-uitsendings veel byval gevind. En die laaste aand, ja dit laat my dink aan die uittog van die Israeliete aan Egipte, toe ons in die donker, stil en ordelik deur bosse, slote, drade en veld geloop en struikel het om 'n serenade op die plaas te gaan hou, en na die kelkie wyn weer die terugtog, met die vrolike marsliedere. En toe die laaste slaapliedjies en Godsdiens om die gloeiende vuurtjie en die laaste nag op die harde grondseiltjie — onuitwisbare indrukke vir ons Afrikaanse seuns en dogters, kinders van die veld.

Nêrens leer 'n mens jou vriende ken so goed as wanneer julle saam landsdiens doen nie. Dis die swaar werk en samehorigheid wat eenheid skep. By etenstyd die grappies en skerts wat saamvoeg en laat saamvoel. Die kampvuuraande en vlaghysings wat tot ons die idee van ons volkseie en Afrikanerskap bring. Daar is geen beter sosiale gees as juis dié wat ons in die landsdienskamp gehad het nie: saam gewerk, saam gelag, saam gesterk in ons liefde vir God en Vaderland."

EK GAAN WEER

Die indrukke van die ander een was as volg:—

„Wie sal ooit die tien dae in die Uiterwykkamp vergeet? Dis die eerste keer dat ek na so'n kamp kon gaan — ek was altyd bang dat die kamp te streng en militêr sou wees, maar wie sê! Ek gaan natuurlik weer kamp en ek glo dat nie een van ons wat daar was, as dit moontlik is weer een kamp sal mis nie!

Aan die begin het die noodhulp

(Vervolg in voorgaande kol.)

baie moeite gehad met die skrape en blare en wonde maar later het ons die beseringkies nie meer gemerk nie.

DIE KOS!!!

Geen kafee kon die kos geuriger en smaakliker voorberei as Anna se span nie. En het ons geëet! Moenie vra waarom Jan Thiart twee groot patats op 'n slag kon baasraak nie. Sou dit die rede wees waarom hy die wag snags met sy gesnork wakker gehou het.

Die feit dat Fred le Roux en Brink nie sonder twee dames kon gaan water haal het nie, het hulle in die sop laat beland.

Alhoewel die kampers nietemin gehard is deur die werk het Cupido tog daarin geslaag om sommige van hulle 'n doodskoot te gee met die gevolg dat Bobbie die heeldag verbitterd was en hom wou dood eet.

Onvergeetlik bly die indruk van die kampvure by ons almal, want so in die lig van die vuur is daar uitstaande programme opgevoer, veral Dawid se draadloos program. Dan was daar nog die operas. Wie kan ooit die gesig vergeet toe P.A. die hoofrol in Opera Tragedie vertolk het.

Hierdie jolyt om die kampvuur saans het egter nie die erns en doel van ons kamp oorskadu nie, veral die indrukwekkende vlaghysing en die sing van ons volksliedere het ons onder die besef van ons volkstryd en strewe gebring.

Onvergeetlik bly vir my die kamp van Uiterwyk in April 1943.

## Wat is en wil die O.B.

### Prof. L. J. du Plessis en dr. Piet Meyer verduidelik.

Op 'n geesdriftige O.B. vergadering in die Stellenbosche stadsaal het prof. L. J. du Plessis en dr. Piet Meyer opgetree as sprekers. Soos gewoonlik die geval met Ossewabrandwag vergaderings, was die stadsaal met O.B.-baniere en vlae versier. 'n Studente-orkes onder leiding van mnr. A. S. Roux, het die aanwesiges vergas op opgewekte marsmusiek, en veel bygedra tot die aangename stemming.

**Dr. Meyer.**

Dr. Meyer wat eerste aan die woord was, het veral daarop gewys dat ons eers innerlike vryheid moet besit, voordat daar uiterlike vryheid kan wees. Hoe wil ons tewerk gaan om dit te kan bewerkstellig? Dit kan gedoen word deur jou volk in beweging te bring. In 1938 het ons in beweging gekom en daar is gebore die Ossewabrandwag. Aanvanklik was ons begaan oor getalle. Ons was verkeerd want dit is 'n liberalistiese beskouing.

Vandag soek die O.B. om al die volksaktiwiteite in beweging te bring. Hy behartig volksbelange op alle terreine van die lewe en is reeds gereed om sy ideaal in praktyk te aanvaar. Die Ossewabrandwag bou geen beloftes vir die toekoms nie maar leef vir die hede. Hy lei die volk en voer hom dag vir dag na sy bestemming. Aan die Ossewabrandwag behoort die toekoms dus, en so ook die toekoms van ons volk!

**Prof. L. J. du Plessis.**

Prof. du Plessis, beleidshoof van die Ossewabrandwag het veral 'n oorsig gegee oor die begrip volkspolitiek. Volkspolitiek in sy wese gesien is politiek as synde 'n saak vir die volk. Die volk beskou ons

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

*Maties!*
**Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.**
DIE
**Voortrekker-Apteek**
Andringastraat, Stellenbosch

*Dames!!!* *NET* TANT MITA *PLEINSTRAAT*
*KAN JUL VOORSIEN IN*
- SMAAK
- STYL
- VERSKEIDENHEID

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,

KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**DIE UITSPAN**

se *ROOMYS* is beroemd,

die *KOELDRANKE* is meestal suiwer vrugtesap.

Sulke *ETES* kry 'n mens maar net in

**DIE UITSPAN**

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**

(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat, STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**

Foon 0013.

GEORGE BRENT en PRISCILLA LANE in „SABOTEUR"

*Vrydag en Saterdag, 7 en 8 Mei*

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**Heerlike Vars Vrugte**

*by*

**J. G. Canaris**

# DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
Assist. Red., Dagbreek.

Deel III. 7 Mei 1943. No. 9.

## Landsdiens.

In die afgelope vakansie is nog 'n skakel gesmee in die ketting van Landsdienskampe wat reeds 'n gereelde instelling van die O.B. en A.N.S. op Stellenbosch geword het.

Die motivering vir hierdie kampe setel so diep in ons oortuigings dat die geesdrif daarvoor steeds 'n stygende lyn vertoon. Hierdie kampe verskaf aan ons jeug wat glo aan die nuwe bedeling, 'n geleentheid om gesamentlik te dien. Die saamwees in 'n gees van diensvaardigheid, kweek 'n samehorigheidsgevoel en 'n kameraadskap wat tekenend is van die gees van die nuwe tyd. Hierdie Landsdienskampe is vir ons 'n voorsmakie van die Republiek waarna ons almal verlang en waarin ons, organies saamgebind tot 'n lotsgemeenskap, ons eie heil in ons eie land sal uitwerk.

Op hierdie Landsdienskampe leer ons nie alleen mekaar — ons eie bloed—waardeer nie, maar ons leer hier ook 'n intense liefde vir ons eie bodem; temeer so daar ons eie sweet so dikwels met ons eie aarde meng. Ook dit is simbolies van die nuwe gees van offervaardigheid wat ons beetgepak het. Nie alleen is ons bereid om ons sweet met ons aarde te meng nie, maar — en dit is simboliek — geen offer vir die Vaderland sal vir ons ooit te veel wees nie. Selfs sal ons bereid wees om indien nodig ons bloed op die bodem te laat.

Hierdie is die magtige motivering wat vir ons agter Landsdiens skuil. In hierdie dae wanneer as gevolg van die optrede van 'n onsimpatieke regering die nasionale Afrikanerjeug geen natuurlike kanaal kan vind om uiting te gee aan die opgekropte patriotisme wat in sy binneste bruis nie, sien ons ook in Landsdiens die middel waardeur ons kan uiting gee aan die dwingende vaderlands- en gemeenskapsliefde wat ons deel met die res van die jong ontwaakte volke van die wêreld.

Die Afrikanerjeug is op die mars; die Landsdienskampe is die blaasplekke op die lang tog alwaar hy telkens weer opnuut, in die kleine, 'n volmaakte vergesig van sy toekomsideaal kry.

### *Gevleulde Woorde.*

O, Vir 'n lied wat vleuels dra,
'n Lied van jong Suid-Afrika!
'n Wonderlied van vuur en gloed
Wat, wie dit hoor, laat sê: Ek moet!

Verwerk deur **A. G. Visser.**

## Studentebiddag

*Sondag e.k., 9 Mei.*

**Oggend:**

7.30 v.m. Biduur, Nuwe-Kerk, ds. T. N. Hanekom.

10.30 v.m. Diens, Nuwe-Kerk ds. A. F. Louw. Ou-Kerk, prof. dr. G.B.A. Gerdener.

**Middag:**

3 n.m. Jeugbyeenkoms, Dawid de Villiers.

4.15 n.m. Proefpreek, Ou-Kerk, Willem du Toit.

**Aand:**

7 n.m. Konferensie, Nuwe-Kerk, sprekers: prof. dr. B. B. Keet, prof. dr. J. F. Kirsten.

# Die Oorlog

## DIE DUIKBOOTGEVAAR

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht, Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Onder die baie oorlogsfronte is daar een waar die stryd sonder verposing voortwoed. Dit is die front waar die vyandelike duikbote 'n woeste stryd teen die versorgingskeepvaart van die Geallieerdes voer. Aangesien die Geallieerdes se oorlogsvoering uit die aard van die saak in die eerste plek deur sy skeepvaart bepaal word, is hierdie stryd tussen duikbote en vragskepe van die allergrootste belang. Dit baat die Verenigde State van Amerika, die sogenaamde „arsenaal van die demokrasie," heel weinig as hy, deur gebrek aan skepe, nie daarin slaag om sy berge van oorlogstuig op die regte plek en op die kritieke moment aan hierdie of daardie oorlogsfront in voldoende hoeveelhede te lewer nie. Dit baat Brittanje of Rusland of China weinig dat voedselvoorrade en grondstowwe in hierdie of daardie Geallieerde of neutrale land opgehoop word sonder dat die nodige skepe vir die vervoer daarvan beskikbaar is.

### BRITSE NUUSDIENS EN DIE DUIKBOOT

Dis bekend genoeg dat die oorlogsberiggewing van die Geallieerdes oor hierdie allerbelangrikste oorlogsfront erg swygsaam is. Dit is veral die geval met die Britse oorlogsnuus. Dit is waar dat ons af-en-toe van die een of ander verantwoordelike Brit verneem dat die posisie van die voorsieningskeepvaart ernstig is, dat die vyandelike duikboot 'n dodelike gevaar is, dat die Britse boer meer moet produseer en dat die rantsoen vir hierdie of daardie lewensnoodsaaklikheid verlaag word ten einde meer skepe vir die oorlogsvoering self beskikbaar te stel. Dit is waar dat Reuter ons af-en-toe meedeel wat die een of ander lord in die Britse Hoërhuis oor skeepsverliese beweer het. Nog onlangs is b.v. beweer dat 34 uit 38 Geallieerde skepe in een konvooi op die Moermansk-roete verlore gegaan het. Dergelike onrusbarende nuusbrokkies word egter gewoonlik onmiddellik opgevolg deur optimistiese berigte nl. dat die Geallieerdes meer skepe bou as wat deur duikbote gekelder word, dat die posisie vandag baie gunstiger is as 'n paar maande gelede, dat betere afweermiddels meer duikbote as vroeër vernietig, ens. ens.

Dit is die konsekwente Britse beleid om geen verliessyfers van die Geallieerde handelskeepvaart bekend te maak nie. Selfs in die „verkorte" weergawes van die Duitse leërberigte wat die Britte in die jongste tyd publiseer, word die stilswye oor skeepsverliese met enkele uitsonderings sorgvuldig bewaar. So'n uitsondering word gevind in die Reuterberig van 3 Mei waar die Duitse leërberig daarop aanspraak maak dat die Duitse vloot in April 63 handelskepe met 'n totale tonnemaat van 423,000 tot sink gebring het. Die vraag skyn geoorloof of Reuter se mededeelsaamheid toegeskryf moet word aan die nie-indrukwekkende Duitse aansprake vir April of gaan die Britte in die toekoms openhartiger wees en ons minder afhanklik van Amerikaanse bronne soos die Truman-komitee maak.

### AMERIKAANSE NUUSDIENS EN DIE DUIKBOOT

Dit is bekend dat daar in Amerika veel meer as in Brittanje in amptelike kringe gepraat word oor die verliese wat die Geallieerde skeepvaart sou ly. Hierdie Amerikaanse openhartigheid is seker nie altyd aangenaam vir die Britse bondgenoot nie. Natuurlik is daar in Amerika ook meer grootpraterigheid en groter toekomsplanne insake 'n Geallieerde handelsvloot as in Brittanje. In Amerika is die kloof tussen pessimistiese toegewings insake verliessyfers en optimistiese toekomsplanne veel groter as in Brittanje.

Dit is maar slegs 'n paar weke gelede dat die Geallieerde wêreld 'n geweldige skok beleef het toe die Truman-komitee — 'n spesiale Senaatskomitee — in Washington verklaar het dat 12,000,000 ton Geallieerde skeepvaart in 1942 vernietig is. Daaraan is toegevoeg dat hierdie verliessyfer groter is as die aanbou in dieselfde tydperk was.

Hierdie verklaring van die Truman-komitee het die Amerikaanse minister van marine, kol. Frank Knox, voor 'n moeilike probleem geplaas. Van alle Amerikaanse ministers het Knox, met betrekking tot die oorlog, uitgeblink deur sy optimisme — om nie 'n onvriendeliker woord te gebruik nie. Volgens hierdie minister is die 12,000,000 ton van die Truman-komitee „ver verkeerd" en „moes hy (die komitee) sy syfers uit 'n oningeligte en 'n ongemagtigde bron verkry het." Voorts sou die Geallieerde skeepsaanbou, volgens Knox, „in die afgelope jaar groter as die Geallieerde skeepsverliese" gewees het.

Die ontkennende verklaring van Knox lyk nie oortuigend nie. Sy bewering dat die Truman-komitee sy gegewens uit 'n „oningeligte en 'n ongemagtigde bron verkry het" klink snaaks. In Amerika dra 'n komitee van die senaat veel meer gewig as 'n parlementêre komitee onder die Britse stelsel. Darenteen het 'n Amerikaanse minister veel minder gewig as 'n Britse minister. In Amerika is 'n minister niks meer as 'n werktuig in die hande van die president nie. Geen lid van die Amerikaanse kongres (parlement) wat iets beteken, streef ooit daarna om minister te word nie. Die Amerikaanse stelsel verskil dus in hierdie opsig hemelsbreed van die Britse stelsel en dit is goed dat mense in Suid-Afrika onder die Britse stelsel hierdie verskil voor oë hou as Amerikaanse ministers die woord voer.

Dat Knox se ontkennende verklaring nie al te letterlik geneem moet word nie blyk uit 'n berig uit Washington van enige dae later wat deur die Amerikaanse departement van vlootsake bekend gemaak is. Volgens hierdie berig was die Geallieerde skeepsverliese in 1942 iets meer as 1,000,000 ton groter as die Geallieerde aanbou. Dit is maar een van baie voorbeelde waar Amerikaanse ministers hul oor die Geallieerde skeepsposisie herhaaldelik weerspreek het.

Of die Geallieerdes se beriggewing nou ook al optimisties of pessimisties, mededeelsaam of swygsaam is, elke man, vrou en kind selfs hier in die afgeleë en „vreedsame" Suid-Afrika weet dit, want hulle voel dit daagliks aan eie lyf, dat die duikboot 'n wesentlike gevaar is wat verwyder moet word voor 'n Geallieerde oorwinning moontlik sal wees.

---

Die Maties se dirigent vanjaar is weer Louis Duvenhage en pianis Hein Loubscher. Die Ikeys het vir Gus de Klerk om hulle sang te lei.

**ONDERSTEUN ONS BLAD**

**Rook Springbok-Sigarette**

# Korrespondensie

## LANDSDIENSKAMP

Aan die Redakteur.

Vergun my om deur middel van u blad my genoegdoening en waardering uit te spreek teenoor alle offisiere en brandwagte, wat bygedra het tot die welslae van die baie aangename landsdienskamp wat gedurende die afgelope kortvakansie gehou is op die plaas van Hoofkomdt. en mev. J. de Waal. 'n Spesiale woord van dank kom toe aan kampkommandant P. A. Theron, en sy troue offisiere, sowel as aan die kampouers, nie alleen vir hul opofferings nie, maar ook vir die gesonde stempel wat hulle geslaag het om op die kamp af te druk. Ook wil ek sê hoede af vir die plaaseienaar vir sy hulpvaardigheid tydens die kamp asook vir sy milde bydrae tot die fondse van die plaaslike Studentekommandos.

Mog daar nog baie sulke kampe gehou word en mag die kameraadskap daar gekweek voortwoeker.

*W. R. Laubscher,*
Hoofkomdt.

## A.N.S.-TAK HEIDELBERG, TVL.

Die Redakteur,
,,Die Matie."

Heidelberg in die Noorde groet Stellenbosch in die Suide. Graag wil ons die volgende meedeel. Meneer W. A. Joubert het aan die A.N.S.-tak hier 'n besoek gebring met ons eerste A.N.S.-vergadering. Hy het die groete van Stellenbosch oorgedra en ons een en ander van sy ou Alma Mater vertel. Ons eerste vergadering was 'n groot sukses. Ons kan met lof daarvan praat dat meer as 90 persent van ons lede teenwoordig was en dat byna al die niggies in voortrekker drag was. **Die dag daarna het ons ons eerste landsdiens aanvaar deur die konsentrasiekamp-kerkhof skoon te gaan maak,** iets wat al 'n tradisie geword het. Ongelukkig kon meneer Joubert dit nie bywoon nie daar hy die môre vroeg moes vertrek. Ons het 'n program gevolg van eers 'n kranslegging-seremonie af te handel en daarna het ons aan die rustende helde van ons land toegesing ,,Slaap rustig dapper helde."

Ons wil dan ook verder reageer op 'n voorstel van meneer Joubert en dit is om meer kontak met ander A.N.S.-takke te verkry deur aan hulle mee te deel die bedrywighede van die tak self. Ons het dit goed gevind om ,,Die Matie" te nader en te vra om dit deur hulle te laat doen. Ons vertrou dat dit die goedkeuring van u blad sal wegdra en dat ander takke oor die lengte en breedte van die land op die versoek sal reageer, om ten minste een maal 'n kwartaal dit deur middel van ,,Die Matie" aan die res mee te deel.

**J. J. Schmidt,**
A.N.S. Leier.

## Ons Toneelkuns.

Die Redakteur,
,,Die Matie."

Waarde Heer,

Ek sal dit baie hoog op prys stel as u my in u kolomme net 'n ruimtetjie wil toelaat om 'n sakie wat ons almal se aandag verg te berde te bring.

Alvorens ek tot die rede van my skrywe kom, wil ek dit hier aksentueer dat ek dit nie doen om myself op die voorgrond te stoot soos baie kwaadwilliges weer sal beweer nie, of om stoom af te blaas omdat **ek** nou juis ook toevallig 'n paar keer rolle in toneelstukke wat opgevoer is vertolk het nie en nie voor vol sale kon speel nie. Nee, geensins nie, maar omdat ek dit my plig voel, en omdat vooraanstaande persone met wie ek oor die saak gesels het net so daaroor

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

# Nuwe Aanstellings

Dr. E. F. C. Rohwer, M.Sc., (Ph.D., Freiburg) is vanaf 1 Julie 1943 as lektor in Anorganise Chemie aangestel.

* * *

Mnr. A. J. A. Roux, M.Sc. Ing., is vanaf 1 Julie 1942 lektor in die Departement van Ingenieurswese aangestel. Hy was vyf jaar lektor in Ingenieurswese aan die Universiteit van die Witwatersrand.

* * *

Mej. A. M. Uys, M.A., B.Ed., is vanaf 1 Julie 1943 as lektriese in Nederlands-Afrikaans aangestel. Mej. Uys het twee jaar met 'n Donald Currie-Stipendium in Europa gestudeer en het vyf jaar ervaring aan opleidingskolleges in Suid-Afrika.

* * *

Mnr. P. A. Theron, M.A., en B. J. Schlebusch, M.A., is aangestel as junior lektore vir die tydperk 1 Julie 1943 tot 31 Desember 1943 in die Departement van Sielkunde.

## Die Vernuftige Dame Sê:

Somaar 'n paar wenkies: —

1. Om reënkolle uit satyn te verwyder, vryf materiaal liggies met 'n bolletjie fyn papier en die kolle sal verdwyn.
2. Moenie u ou velt of leer lyfbande weggooi nie, gebruik dit om versierings vir u winterrokke en hoede te maak.
3. 'n Wit reënjas verloor gewoonlik gou sy kleur maar u kan dit weer regkry deur die jas te was met seep.
4. Brei vir u 'n poeierkwassie van angorawol en werk dit dan vas op 'n mooi ,,chiffon" sakdoek.
5. 'n Man se broek moet op die volgende manier gestryk word, eers langs die agterste vou, dan langs die omslag en dan langs die voorste vou. Dit is om die sakkerigheid weg te neem.
6. Wanneer u gebreide artikels stryk sit dit tussen koerantpapier, dit laat die artikel mooi lyk.
7. As u skoene kraak sit dit dan met die sole in 'n bietjie kasterolie. Die sole sal die olie absorbeer en die gekraak sal verdwyn.
8. Skeerlemmetjies kan oor en oor gebruik word ,as u dit elke keer nadat u dit gebruik het, slyp aan die binnekant van 'n glas.

HENDRIKZ
vir
★ Elektriese Benodighede
★ Radio Reparasies
Langs
Voortrekker Apteek

Dames!
*Alles wat u nodig het, is teen die billikste pryse en met v iendelike bediening te kry by*
DIE KAROO-BAKEN-DAMESUITRUSTERS
Eienaar: H. J. A. SMIT (Baken)
Birdstraat 33, Teenoor Die Braak
STELLENBOSCH

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# Onder Onsies

Mnr. Karel (Yster) Hattingh, van die W.P. Vrugtenavorsingsinstituut, en mej. Marie Jordaan, tot verlede jaar student aan die Conservatorium van Stellenbosch, het in die onlangse Universiteitsvakansie verloof geraak. Mej. Jordaan gee tans musiekonderwys op Swartruggens. Innige deelneming word hiermee betuig aan mnr. Hattingh se vroeëre bewonderaars onder die skone geslag.

## MUSIEKVERENIGING E.K. DINSDAGAAND.

Dit is vir die Bestuur van die Musiekvereniging 'n genoeë om aan te kondig dat 'n besondere program eerskomende Dinsdagaand in die Conservesaal aangebied word. Mnr. Hans Kramer van Kaapstad sal die vereniging toespreek. Mnr. Kramer het die buiteland ekstensief bereis en het 'n omvattende kennis van die musiek opgedoen. Hy is bekend vanweë sy boeiende programme oor die radio en ons kan u van 'n genotvolle en leersame aand verseker. Self besit mnr. Kramer 'n uitgebreide en representatiewe plate-versameling en voorbeelde van die werke wat hy besit, sal Dinsdagaand gespeel word om sy voorlesing mee op te luister.

**Jack Steyn** (Sekretaris).

Alfred Blommaert,
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

*Vir die maak van u volgende*
○ Paar Sandale
○ Stewels
○ Skoene
*besoek*
LUBBE
*die deskundige skoenmaker en repareerder*

AVBOB
116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

ALLEEN Pakke Klere met die Hand gemaak kan u die ONDERSKEIDING gee waarna u verlang.
Dit is KLERE gemaak deur
Jac. J. du Toit en Kie.
Pleinstraat,
STELLENBOSCH.
Ons spesialiseer in MANELPAKKE en TOGAS vir Predikante.

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE
KWV
DRUIWESAP
*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

Ondersteun die Alombekende Suid-Afrikaanse MUSIEK-FIRMA.
Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede
R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
h/v Kasteel en Burgstrate, KAAPSTAD
en
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

The Stellenbosch Stationery Store
vir
BEKOORLIKE GESKENKE
Nuwighede van alle soorte,
Deftige Skryfbehoeftes
en
MODEBOEKE.
A. DOWSON,
Andringastraat, Stellenbosch.

Rook Springbok-Sigarette

# Dr. K. W. Heese

## OOM KALIE VERTREK.

*Die Matie* het met opregte leedwese verneem dat dr. Heese besluit het om die akademiese kateder vir die kansel te verruil, want die student het hom baie graag hier gehoor, sowel van die kateder as van die kansel; net jammer dat ons hom te min van laasgenoemde gehoor het. Ons reken dat hy hier 'n groter en belangriker gemeente as Malmesbury gehad het, maar as goeie calviniste wil ons in sy besluit berus en wens ons hom alle seën op sy werk aldaar toe. Ons verlies is Malmesbury-se wins.

### DIE O.B. EN WAT DIT IS

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

as 'n Skepping van God. Hy het gesê die mens sal vrugbaar wees en vermenigvuldig. Hierdie volk kan ons dus beskou as 'n groot huisgesin. Hierdie huisgesin moet versorg wees. As een lid van hierdie huisgesin ly dan sal almal ly. So is volkspolitiek.

Vir volkspolitiek is die kerklike liggaam die krag wat die lig van God moet laat skyn. Die volkslewe moet gelaer wees om die volksaltaar, nl. die Kerk. In die volkspolitiek het ons ons Kerk nodig om dit e heilig.

### KORRSPONDENSIE

(Vervolg van bls. 3, kol. 1)

oel — daarom bring ek die saak onder die aandag van die studentegemeenskap.

Dit het die afgelope paar jaar wat ek my hier op Stellenbosch bevind, nou al heel dikwels gebeur dat rondreisende toneelgeselskappe wat definitief stukke van 'n hoogstaande gehalte lewer, al moes kla dat juis op Stellenbosch waar hul die grootste ondersteuning verwag het, hulle voor halfleë sale moes optree, terwyl die fliek dieselfde aand vol gepak sit van sensasiebelustiges wat die nuwe avonture van die „Lone Rider" met opgehoue asem volg.

Is dit, mnr. die redakteur, nou vir hulle 'n aansporing om vir ons 'n aand van kunsgenot te lewer, om die toneelpeil op te hef, as hulle in 'n plek wat hom tog trouens as 'n teleurstellende ontvang te beurt val? Of is ons nog te min toneelbewus? Is dit nie juis dan des te meer ons plig om ons eie Afrikaanse Kunstenaars met ons ondersteuning te vereer nie en onsself tegelykertyd geestelik te verryk en te verinnig nie?

Ek kan hier konstateer dat ons Boeremense op die platteland veel beter toneel-ondersteuners is en dikwels beter natuurlike smaak aan die dag lê as die op sensasie-beluste deel van ons in „die mekka van die Afrikanerdom" wat dit onmoontlik vind om een aandjie af te staan om 'n opvoering by te woon wat tog immers „sy geld werd is" (as ons die gehalte van 'n toneelopvoering kan en mag beoordeel in terme van die waarde wat ons gekry het uit die toegangsgeld wat ons betaal het).

Laaste, maar nie les bes nie, 'n woordjie oor opvoering wat deur ons eie studente gelewer word. Ons vind veral dat hulle eers swak ondersteun word. Waarom? Die toneelpeil wat gehandhaaf word is tog immers meesal baie hoër as meeste van die „vrybuitertoneelgeselskappies, soos W. E. G. Louw hulle noem, wat op die platteland rondswerwe en met holle reklame daarin slaag om die sale gevul te kry.

Ek sê weer dit is goeie opvoering waarby die dienste van 'n bevoegde en bekwame regisseuse verkry word, wat meesal met groot onkoste gepaard gaan, waar daar eindelose tyd, arbeid en geduld bestee is; opvoering, kortom, wat probeer om weg te kom uit die dodelike sleur van die minderwaardige en middelmatige en dan word hul afbrekend gekritiseer; word hulle deur skinderpraatjies en skinderveldtogte lank voor die opvoering alreeds die nek omgedraai.

Ek is positief oortuig daarvan dat die toneel wat 'n integrerende en essensiële deel van die volkskultuur behoort te wees, lank nog nie tot sy reg op Stellenbosch sowel as oor die land gekom het nie, en dat dit ons plig as Maties is om die persone wat bereid is om hulle beskeie deeltjie by te dra om dit verwesenlik te kry, aan te spoor deur ons gulhartige ondersteuning en medewerking.

Baie dankie vir opname.

**Jan Smith.**

Dagbreek.

# PLATE-PROGRAM

## Sondagaand, 9 Mei, 8.30 n.m.

*Claude Debussy* (1862 — 1918), die beroemde moderne Franse komponis, was die leier van die Impressionisme in musiek. Sy naam leef voort in sy orkeswerke (waarvan die „Prélude à l'après-midi d'un Faune" en „Trois Nocturnes" miskien die bekendste is); sy klavierwerke, (b.v. „Clair de Lune" uit die „Suite Bergamasque," „Refleto dans l'eau" uit die „Images," en die stel van 24 Préludes); sy toonsettings van Verlaine en Bandelaire en sy groot opera „Pelléas et Mélisande," na die drama van Maeterlinck. Die volgende werke van Debussy sal gespeel word: —

(1) *„Fêtes,"* die middelste van die drie nocturnes vir orkes, 'n feestelike kleurespel van klanke.

(2) *„Jardins sous la pluie"* (Tuine onder die reën) en *„La plus que lente"* (letterlik: Die meer as stadige wals). Hierdie twee klavierstukke verklaar hulself. Die eerste wys Debussy as gevorderde impressionis, die tweede se slepende walsritme en melodie is minder tipies.

(3) *„Préludes à l'après-midi d'un Faune."* Hierdie wonderwerk is geskryf in 1893 en het groot opskudding verwek, tereg ook. Dit kan beskou word as die mees oorspronklike werk sinds Wagner se musiekdramas. Soos die naam aandui, is dit 'n Voorspel tot die sinnelike gedig van Wallarmé, die simbolistiese Franse digter.

In kontras met die elegante Franse kuns van Claude Debussy bied ons aan *Richard Strauss* (geb. 1864), die groot moderne Duitse komponis. Strauss het beroemdheid verwerf as komponis van Simfoniese Gedigte— dus 'n direkte navolger van Liszt— liedere en operas. In sy bevoegde hande word die orkes 'n magtige, byna verpletterende instrument.

Van hom sal u hoor: —

(1) *„Die Dans van Salome,"* uit die opera na Oscar Wilde se brutaalsensuele drama *„Salomé."* Let op hoe sensueel en brutaal die musiek van Strauss ook is, en tog deurtrek met onvergeetlike skoonheid.

(2) *„Till Eulenspiegels Lustige Streiche"*, een van Strauss se humoristiese Simfoniese Gedigte, wat geen verklaring nodig het nie.

*Hubert du Plessis.*

# Maties oorgehaal vir Tuine

Die Maties speel môre hulle eerste amptelike wedstryd binne die Wes-Kaaplandse Rugbybond. Dit is dus nie onvanpas dat twee spanne wat tog so strydlustig teen mekaar op die rugbyveld kan optree, en weer so eensgesind saam kan staan wanneer dit neerkom op die voortbestaan van ons nasionale spel in die sin wat dit bedoel is om te bestaan toe rugbyveterane soos dr. Eppie Stegmann en mnr. Paul Roos die spel gespeel het, teen mekaar te velde trek nie.

Soos ons verneem is die Matie-vyftiental net oorgehaal vir die wedstryd, en onder die inspirerende leiding van Flip Slabber is hulle vasbeslote om uiteindelik weer vir Tuine die loef af te steek. Dit het in 1940 laas gebeur.

Die manne het in die vakansie gereeld gedraf en aan wind is daar blykbaar nie gebrek nie. Die samespel tussen die agterspelers vlot nou ook beter as in die twee vriendskaplike wedstryd die geval was. Peet v. d. Walt veral lyk of hy meer tuisvoel na sy afwesigheid van rugby op Stellenbosch. Dit was 'n plesier om hom met Dinsdag se oefening te sien speel. Weereens het hy van sy gevaarlike breekslae naby die doellyn gebruik gemaak en getoon dat die ander losskakels maar sal moet wakkerloop vir hom in die vervolg.

Nog 'n speler wat sover pragtig vertoon het was Cassie Nel. Hierdie speler het nie net 'n paar veilige hande nie maar kan met oordeel by sy agterlyn aansluit om 'n verdedigende beweging skielik in 'n gevaarlike aanvalsbeweging om te skep.

Onder die voorspelers vertoon Dawid Snyman pragtig. Hy is taai en stoot dat hy kraak in die skrums. Nie net dit nie — vinnig is hy daarby en is orals om 'n handjie by te sit, hetsy in die aanval of in die verdediging.

By die opstel van die artikel was dit nog gladnie seker hoe die voorspelers saamgestel gaan word nie. Wie ook al gekies word, elkeen van die aanspraakmakers is in 'n puik kondisie van afrigting en sal hul span nie in die steek laat nie.

Wat veral kenmerkend vanjaar is, is die feit dat die tweede span oor so'n gedugte agterhoede beskik. Hulle het die dienste van J. Michau (heelagter); Basson (vleuel); Jannie Oosthuizen en Ben le Grange (driekwarte) en in die skakelpaar so'n uitstekende kombinasie as J. Wahl en Tom Fourie, verlede jaar se kranige O. XIX-A Skrumskakel.

Dit lei dus geen twyfel dat môre se wedstryde op Coetzenburg groot belangstelling sal geniet en elkeen wat moontlik kan opkom sal sekerlik vergas word op oop en aanskoulike rugby, veral nou dat daar geen beker meer op die spel is nie.

Die wedstryde môre en volgende Saterdag teen Tuine en Groote Schuur onderskeidelik, sal vir die Matie-span van veel waarde wees, aangesien dit hulle in staat sal stel om die haakplekkies in orde te bring om sodoende 'n span in die veld te stoot wat daarin sal slaag om U. Pretoria, wanneer hulle op die 29ste deser teen hulle speel, lelik op die neus te laat kyk.

# Ons Atlete Presteer

Vir alle reggesinde Maties is dit van groot belang dat van ons atlete ook meegeding het op die onlangse atletiekbyeenkoms van die Afrikaanse-Studente Atletiekbond te Potchefstroom, en dat die byeenkoms aanstaande jaar moontlik op Stellenbosch plaasvind.

Weens vervoermoeilikhede kon ongelukkig slegs drie afreis na Potchefstroom. Maar die drie het hulle terdeë laat geld, sodat U.S. die derde plek op die puntelys beklee het.

Onder die uitstaande prestasies is die rekordtyd van Danie Joubert in die 220 tree wedloop; hy het ook die eertse plek verower in die 440. Danie Rabie het daarin geslaag om drie tweede-plekke in te neem.

## Dameshokkie.

Op Saterdag, 17 April, is op Nuwelande die eerste U.S. dameshokkiespan met 5 doele teen 2 geklop deur Mowbray Opleidingskollege. Die spel was deurgaans vinnig en die vleuels het baie keer mooi met die bal gewerk. Mej. Iris Ettling het albei die doele vir die Maties geslaan, die eerste kort na Mowbray hul eerste doel gekry het, en die tweede kort voor die einde van die wedstryd.

Die tweedespan wat ook teen Mowbray gespeel het, het met drie doele teen een gewen.

BTK
RUGSAKKE
25/-
Ook ANDER LEERSAKKE, Ens.
C.S.V.-BOEKHANDEL
STELLENBOSCH

GEBROEDERS DE WET (Eienaars) Bpk.
Bus 21 Foon 20
❖ Algemene Handelaars
❖ Mans-, Vroue- en Kinderuitrusters
❖ Praktiese Snyers
❖ Sport Eporium
GEBROEDERS DE WET (Eienaars) BEPERK - - - - - STELLENBOSCH